

Bybelstudiegids met 'n eie, aanloklike stem

Die groot uitdaging wat mense in die gesig staar – om net hulleself te wees – is reeds in Bybelse tye aangespreek.

In *Moed om mens te wees* skryf prof Elna Mouton en haar werkgroep oor 'n baie bekende gesin van Betanië wat hierdie uitdaging in die gesig staar. Die gesin van Marta, Maria en Lasarus kry kans om in moderne, loslit taal (met hier en daar Engels ingegooi) te praat.

Hierdie menslike taal is een van die sleutels tot die sukses van *Moed om mens te wees*. Dis soos die spreekwoordelike wortel wat voor mens se neus gehou word. 'n Mens wil hoor wat volgende kom en vorder so maklik deur die tien studiegids. Nog 'n faktor wat hier toe bydra, is die gebruik van "brille". By elke studie kry 'n mens kans om 'n bril op te sit en jou in te leef in die rol van Marta, Maria, Judas, Lasarus of die bekkige bure. Dis nogal soos om fliek te kyk. Eensklaps voel dit asof jy terug is in Betanië en asof klakous Marta, liefdevolle Maria en swygsame Lasarus bekendes is.

Prof Mouton, dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch, vertel in haar voorwoord hoe die boek tot stand gekom het: "Die moeisame dog ryk pad wat tot hierdie boek gelei het, is gebore uit die skrywers se gedeelde besorgdheid oor 'n vernietigende roofdier wat ná 2 000 jaar steeds jagmaak op Christene se lewenskwaliteit en sins-

ervaring. Die naam van dié dier is *mag* – die soort wat (dikwels onbewustelik en subtiel) neersien en minag, plattrap en uitbuit, manipuleer en wegkyk; kortweg: *wat menswaardigheid misken*.

"Bybel-in-die-hand het ons gesoek na verhale wat ons uit dié dilemma kon neem. In die proses moes ons nuut leer *luister* – na God se woorde in mense-taal van lank gelede én na mekaar in die hier en nou. Ná baie wonder het die pendulum tot rus gekom by daardie welbekende gesin van Betanië in Judea."

Prof Mouton vertel kleurvol verder: "Met die geur van varsgebakte brood om ons kon ons Marta nuut leer waardeer as 'n toegewyde gasvrou. Maar ons moes ook probeer verstaan waarom sy so bekommerd was oor "baie dinge". Sy verduidelik dat die storie van die gesin uiteindelik die kollig op Jesus laat val, "... dié Jesus wat so vry en vol medelye was dat Hy ander kon vry maak om waarlik méns te wees. In Hom leer ken ons die God wat mense se noodkrete raakhoor, wat randpersone raaksien, wat hulle toelaat om wanhopige vrae na Hom te slinger, en wat – lynreg teen die gebruike van sy tyd in – met hulle in

gesprek tree."

Hoewel *Moed om mens te wees* beskryf word as 'n "Bybelstudiegids vir tien gespreksbyeenkomste vir vroue", is dit veel meer. Selgroepe, studiegroepe, mans en enkelinge sal dit verrykend vind.

Linza de Jager

Prys: R59.95

